Molo,
koning van die ashoop

deur Pandora Alberts

Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

www.naturebased.education

ISBN 978-0-9814072-2-7

Illustrasies: Pandora Alberts

©The Humane Education Trust
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van The Humane Education Trust gereproduseer, in ‘n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of met enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

Lewe op die Ashoop

Vandat hy kan onthou, het Vusi op die ashoop gewoon. Hy weet nie hoe oud hy is nie, maar Gogo Mieta sê sy dink hy moet elf of twaalf wees. Hy is klein en skaam.

Soms as hy die raserige draadtrollie af dorp toe stoot om sy versameling bottels en blikkies te verkoop, dan terg die straatkinders hom. Hulle wys na sy vuil wit kêppie en skree: “Hier kom ‘n kiewiet voëltjie! Kyk sy dun beentjies! Vlieg weg, vlieg weg!”

Vusi probeer om nie te praat nie. Hy bly so aan die een kant. As hy enige geld maak, bêre hy dit in sy skoen. Later koop hy rooiworsies en vrugte en brood vir Gogo Mieta om toebroodjies te maak. Soms het hy nog genoeg oor om ‘n koeldrank te koop.

Die lewe op die ashoop is swaar. Vusi dra weggooiklere wat hy uit swart asbliksakke krap en uit gebrande ashope haal. In die winter is hy altyd koud en die reën maak die sere op sy bene seer.

Sy hare ruik altyd na rook en sy hande is gesny omdat hy in die vullis rondkrap. Hy dra snaakse skoene. Hulle is te groot, nou stop hy hulle vol lappe om hulle aan sy voete te hou.

55

Skoene verloor altyd hulle maats in die vullis-trokke. Vusi wens dan mense die veters aanmekaar wil vasmaak voordat hulle dit weggooi.

Vandag is Sondag, en Sondag op die ashoop is spesiaal. Die vure wat die stink rook maak is amper uitgebrand. Die groot stootskrapers wat die vullis op hope stoot, staan doodstil geparkeer.

Vusi hoef nie sy trollie met die hoofweg af dorp toe te stoot nie. Al die kinders in Gogo se skuiling help om sop te maak in die swart pot. Die lekkerste is wanneer hulle saam sing. Gogo leer hulle liedjies en een van die seuns speel die kitaar. Vusi slaan op ‘n veertig-gelling drom. Hulle klink ongelooflik!



Molo die vriend

Vandag is iets nie reg nie. Die groot wit bok wat op die ashoop bly is nêrens te sien nie. Vusi is lief vir die bok. Hy het hom “Molo” genoem, want dit lyk of die bok hom elke oggend groet wanneer hulle op die ashope ontmoet. Molo is bietjie wild. Niemand anders behalwe Vusi mag aan hom vat nie. Soms spandeer hulle die hele dag saam. As Vusi iets spesiaal kry, hou hy dit op vir Molo om te sien.

“Kyk hier, Molo Bok,” sê Vusi. “’n Groot rooi hemp met ‘n paar knope aan. Hou jy nie daarvan nie?”

Molo kyk hom so skuins aan met sy geel oë en Vusi is seker hy antwoord: “Ho, Vusi, ek kan nie daardie rooi hemp gebruik nie. Kyk wat het ek. ‘n Paar pynappelkoppe en ‘n lekker ou sokkie!”

Molo hopspring en skarrel altyd. Hy staan heelbo op die hope asof hy die ashoop besit.

“Ons gaan daai bok in ons vleispot gooi,” waarsku Gogo.

Maar Molo is te slim om gevang te word. Hy skud net sy baard en galop weg. Nou skarrel Vusi rond op soek na Molo. Het hy in iemand anders se vleispot beland? Hy kyk oral op die ashoop maar kry geen spoor van Molo nie.

“Molo! Molo Bok!” Vusi is baie bekommerd. “Kom eet jou kos terwyl dit nog warm is!” roep Gogo.

Molo in gevaar

Vroeg die volgende oggend sien Elvis, die stootskraper-bestuurder vir Molo onder sy masjien lê. Vusi dink hy is dood maar toe hy Molo se neus vryf maak die bok sy oë oop en nies. Daar is skuim om sy bek en sy bene skop.

“Eish, daardie bok is kapot,” sê Elvis. Hy klim op die stootskraper en skakel die enjin aan.

Vusi het ‘n plan. Hy weet iewers in die dorp is daar ‘n dokter wat siek diere kan gesond maak. “Help my om vir Molo in my trollie te sit, Elvis,” smeek hy.

“Vusi, vergeet dit. Daardie bok sal doodgaan.”

Maar hy klim van sy stootskraper af en tel vir Molo op en sit hom in die trollie. Molo kriewel ‘n bietjie en lê dan stil. Sy modderige hoewe en horings steek deur die trollie se tralies.

Vusi begin sy lang rit. Die trollie se wiele is klein en sit vas in die gemors op die ashoop. Molo is ‘n groot bok en baie swaar.

GOOD

Party van die ander kinders help Vusi om die trollie op die hoofweg te kry. Daar begin hy hardloop! Die hoof-weg loop teen ‘n skuinste af.

Uiteindelik kom Vusi by die dorp uit. Daar is mense en verkeer en winkels voor hom. Hy sukkel om die trollie op en af van die sypaadjies te kry. Die mense kyk en lag. Skielik staan die dorp se stoute straatkinders voor hom. Hulle wil hom nie verby laat kom nie. Hulle spot hom.

“Hier kom kiewiet! Haai, is dit jou broer in die stoot-waentjie? Moet ons hom in die verkeer stoot?”

Vusi raak baie kwaad. “GEE PAD VOOR MY!” Hy skree met ‘n bulderende stem. Hy is nou nie meer klein skaam Vusi nie. Die stoute seuns sien hoe sy oë gloei en hulle raak stil. Vusi stoot die trollie so vinnig dat dit lyk of hy in stukke gaan spat.

‘n Lang ent af in die pad is daar ‘n wit huis met ‘n naam-bord in die tuin. Vusi kan nie die naam op die bord lees nie.

“Is dit die plek van die dieredokter?” vra hy vir ‘n verbyganger.

Die vrou knik en wys. “Die blou deur.”

MAXI

A lang, angstige wag

Binne die dierekliniek kyk vriendelike Dokter Naidoo na Molo en skud sy kop. “Hierdie bok het iets baie giftig gevreet. Ons weet nie wat die gif is nie. Ons sal probeer om hom te red, maar moenie te veel verwag nie.”

Vusi is uitgeput. Hy sit buite op die trappie met sy gesig in sy hande. Die hele dag bring mense hul diere vir behandeling. Daar is katte in mandjies, klein hondjies, groot honde, ‘n parakiet op iemand se skouer, en selfs ‘n slang in ‘n katoensak.

Niemand anders bring ‘n bok nie. Sommige van die mense dra mooi klere en hul diere is goed versorg. Hulle dra helder halsbande met klein glas juweeltjies in. Hierdie mense staar na Vusi en loop om hom asof hy vuil is. Dit is donker toe Dokter Naidoo uitkom om vir Vusi te soek. Hy het ‘n donker jas oor sy wit jas aangetrek. Hy lyk moeg.

“Jou bok moet in ons hospitaal bly. Hy het ‘n kans.” Hy kyk na Vusi en frons. “Waar bly jy?”

Vusi vertel hom van die ashoop en Gogo Mieta en die ander kinders, en van hul skuiling wat van pale en draad en stukke plastiek gemaak is.

YAAZ
NOKSO

“Ek dink ek ken iemand wat jou kan help,” sê Dokter Naidoo.

Die persoon wat Dokter Naidoo wil hê Vusi moet ontmoet, is Suster Anna, ‘n sosiale werkster. Sy is vriendelik en goedhartig en neem Vusi en sy trollie saam met haar huistoe vir die nag.

Vusi bad in skoon warm water met borrelseep en ‘n sagte spons. Hy was sy hare met silwerige sjampoe en droog homself met ‘n groot wollerige, oranje handdoek af. Dit is ‘n groot avontuur! Hy ruik wonderlik. Nou trek hy klere aan wat Suster Anna vir hom gegee het om vir altyd te hou. Vusi hou baie van sy gebruikte jeans en ‘n pers sweet-pakbaadjie wat nog net ‘n bietjie te groot is.

“Nou vir aandete,” sê Suster Anna. Sy bak eiers en tamaties, en maak groot toebroodjies met kaas en sulke krakerige groen blare. Vusi vat sy mes en vurk. Hy is so honger dat hy sommer al die kos op een slag in sy mond wil prop. Maar hy onthou dat Gogo Mieta altyd aandring op goeie maniere.

Skielik onthou hy vir Molo Bok wat in die hospitaal lê. Hy kan niks eet nie.

Hy druk sy gesig in sy hande en sê, “Molo sal doodgaan!”

“Shh,” sê Suster Anna. Sy hou hom vas. “Ons sal hom môre sien. Slim Dokter Naidoo sal sy bes doen.”

“Dis nie lekker by die ashoop sonder Molo nie,” huil Vusi.

‘n Wonderlike nuwe begin

Molo bly in die hospitaal vir 'n week, en toe loop hy bewerig buitentoe op die gras. Ander goeie dinge gebeur ook. Suster Anna gaan sien vir Gogo en die kinders by die ashoop sodat sy 'n beter plek vir hulle kan kry om te bly. Vusi gaan skooltoe waar sy onderwyser sê hy sal gou-gou inhaal met die ander kinders se skoolwerk. In sy vrye tyd maak Vusi nog steeds bottels en blikkies op die ashoop bymekaar vir sakgeld.

Gogo deel 'n huis met drie ander oumas, en die kinders het twee groot kamers vir hulself.

Baie middae na skool en sokker, gaan Vusi vir Molo kuier waar hy nou in 'n groen veld bly by die Dierebeskermings-vereniging saam met vyf ander bokke. Molo druk sy kop oor die heining sodat Vusi hom kan krap.

“Is jy nou gelukkig, Molo Bok, noudat jy heerlike kos het en vyf vrouens en niemand jag jou vir hulle vleispotte nie?”


Molo
XXX VUSI

Molo skud sy baard en flikker sy geel oë vir Vusi. Dit klink of hy sê, “Niks meer gemors vir ons nie, Vusi!”

Dan galop hy weg oor die gras, stert in die lug, met sy blink wit pels.



Hierdie boek bevorder die ontwikkeling van deernis, geregtigheid en respek vir alle lewe, deur geletterdheid.

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST